KwetterBekkies Dagsorg & Kampus

KwetterBekkies Dagsorg (PTY) LTD | REG Nr. 2020/726742/07 | DIREKTEURE: JG Greyling, HC Greyling
Hella Singel 57, Uitzicht, Durbanville 7550 | Sun King Singel 37, Sonstraal Hoogte, Durbanville 7550
Groenewoud Straat 80, Sonkring, Brackenfell 7560 | Amandelstraat 111, Amanda Glen 7550
Sel: 079 694 4448 of 082 897 3939 Epos: info@kwetterbekkies.co.za

INLIGTINGSTUK 2027

Brackenfell (4 maande tot 5 jaar)

Baie welkom by KwetterBekkies Dagsorg!

My wens vir elke maatjie in KwetterBekkies Dagsorg is om elke dag met 'n GROOT glimlag skool toe te kom en hier te wil wees!

Ons personeel streef daarna om elke maatjie te stimuleer en onderrig dat hy/sy volgens sy/haar eie potensiaal en vermoëns sal ontwikkel. Ons gaan speel-speel en lag-lag leer en sodoende die nodige vaardighede aanleer.

Saam gaan ons elke dag ons waardes van **ontwikkeling**, **veiligheid** en **pret** uitleef!

Godsdiens is vir ons baie belangrik en ons leer ons klein maatjies van jongs af van Jesus en die regte waardes. Ons personeel leef ook daarvolgens.

KwetterBekkies se personeel het 'n passie en liefde vir kinders wat hulle ELKE dag uitleef. Ons personeel bestaan uit gekwalifiseerde onderwyseresse en opgeleide assistente. Ons kennis van 31 jaar onderwyservaring deel ons graag met ons kleingoed. Ons klassies hou ons so klein as moontlik sodat elke maatjie baie individuele aandag en liefde kry. Ons skep 'n skooltjie in 'n huislike atmosfeer waar leer op 'n SPEEL manier plaasvind.

Vriendelike groete

Stellie (Eienares)





DAGSORG-TYE

Voldag: (5 en 3 dag opsie)

Maandag tot Donderdag:	07:00 – 17:30
Vrydag:	07:00 – 17:00

Halfdag:

5 dag opsie (Maandag tot Vrydag):	07:00 – 12:00
3 dag opsie (Maandag, Woensdag, Vrydag):	07:00 – 12:00

Die halfdag opsie kan met OF sonder ontbyt en middagete wees.

Kinders moet teen 08h15 by die skool wees, aangesien die dagprogram stiptelik om 08h30 begin. Kinders wat laat inkom kan die roetine nadelig beïnvloed en mis ons Godsdiens opening.

Indien u kind te vroeg of te laat afgelaai/opgelaai word, sal u 'n boete ontvang, tensy daar vooraf reëlings met ons getref is. R50 per 15 minute sal addisioneel aan die einde van die maand by u rekening gevoeg word. As daar 'n krisis is, kan ouers met ons 'n reëling tref.

As 'n **3 dag opsie** maatjie 'n dag "gemis" het a.g.v. 'n vakansiedag of siekte, kan dit ongelukkig **nie** op 'n ander dag ingewerk word **nie.**

BETALINGS en FOOIE

Betalings geskied **VOOR OF OP DIE 30STE** van elke maand. Alle gelde is vooruitbetaalbaar. Betaling geskied oor **12 maande.**

KwetterBekkies het ook sekere finansiële verpligtinge wat maandeliks nagekom moet word en ons vra u om asseblief stiptelik u betalings te maak. Indien u teen die tweede van 'n maand nog nie betaal het nie, sal u 'n "reminder" ontvang. Vanaf die derde van 'n maand sal 'n **10% boete** gehef word. Die volgende tariewe is vir 2027.

Afslag van toepassing vir ouers met meer as 1 kind by ons en ook as skoolfooie vir die volle jaar vooruit betaal word.

MAANDELIKSE FOOIE: Baba's en klein peuters (4 tot 24 maande) 2027

Voldag (5 dae) R4 300 per maand oor 12 maande (ontbyt en middagete ingesluit)

Voldag (3 dae) R3 300 per maand oor 12 maande (ontbyt en middagete ingesluit)

Halfdag (5 dae) R4 000 per maand oor 12 maande (ontbyt en middagete ingesluit)

Halfdag (3 dae) R3 000 per maand oor 12 maande (ontbyt en middagete ingesluit)

MAANDELIKSE FOOIE: Peuters en kleuters (2 tot 5 jaar) 2027

Voldag (5 dae) R4 000 per maand oor 12 maande (ontbyt en middagete ingesluit)

Voldag (3 dae) R3 000 per maand oor 12 maande (ontbyt en middagete ingesluit)

Halfdag (5 dae) R3 600 per maand oor 12 maande (ontbyt en middagete ingesluit)

Halfdag (5 dae) R3 100 per maand oor 12 maande (**sonder** ontbyt en middagete)

Halfdag (3 dae) R2 900 per maand oor 12 maande (ontbyt en middagete ingesluit)

Halfdag (3 dae) R2 600 per maand oor 12 maande (**sonder** ontbyt en middagete)

Ons probeer om ons jaarlikse verhoging so laag as moontlik te hou, maar daar sal elke **Januarie** 'n **JAARLIKSE** verhoging wees volgens inflasie en bestaande ekonomiese omstandighede. Hierdie verhoging word aangewend om onder andere ons personeel salarisverhogings te gee en om seker te maak ons aanbieding bly op 'n hoë standaard.

ANDER FOOIE BETAALBAAR: 2027

Registrasiefooi: R1 650 (eenmalig betaalbaar)

Die registrasiefooi is betaalbaar tydens die inskrywing van die KwetterBekkie.

Die fooi verseker u kind se plekkie by ons. Die registrasiefooi is **NIE** terugbetaalbaar nie. Die maats wat heringeskryf word vir die volgende jaar, betaal nie weer die registrasiefooi nie.

Ontwikkelingsfooi: R1 400 per kind. (jaarliks betaalbaar) **2027**

Die ontwikkelingsfooi is 50% betaalbaar saam met die Januarie fooi en 50% saam met die Julie faktuur. Die geld word aangewend vir die aankope van skryfbehoeftes, administrasiekostes, sowel as benodighede bv. nuwe legkaarte, opvoedkundige speletjies, groot motoriese apparaat, speelgoed en leesboeke. Daar word nie van die ouers verwag om enige ander skryfbehoeftes/benodighede vir aktiwiteite deur die jaar aan te koop nie.

Pretdagfooie:

VRYDAE IS PRETDAE

Elke VRYDAG is daar of 'n eksperimentdag, sensoriese dag, temadag of bakkertjie dag. Die kinders geniet hierdie aktiwiteite vreeslik baie. Daar sal ook op 'n Vrydag vir die baba's 'n lekker aktiwiteit aangebied word wat ouderdoms toepaslik is.

Die R25 (vir die 4 Vrydae) wat insluit, bakkertjiedag, eksperimentdag, sensoriese aktiwiteit of temadag kan kwartaalliks (aan die begin van die kwartaal) of jaarliks betaal word.

Die Pretdaggelde strek oor 11 maande. (R25 x 11) = R275

Die jaarlikse bedrag sal by die Februarie skoolfooie faktuur aangedui word.

BEEÏNDIGING VAN BYWONING

Dit is **verpligtend om EEN volle kalendermaand skriftelik kennis te gee** indien u om welke rede sou besluit om u kind weg te neem. Die volle maandfooi is betaalbaar vir die kennisgewing kalendermaand. Baie belangrik: **Geen kennis sal aanvaar word vir Desember maande nie**. Ouers sal verplig wees om nog steeds Desember se fooie te betaal.

Indien kinders gedurende die skoolkwartaal op vakansie gaan of om enige ander rede nie die skooltjie kan bywoon nie, moet die maandelikse fooi nog steeds betaal word. Dit sluit ook in as ouers besluit om weens siekte of aanbeveling van 'n pediater/dokter 'n kind vir 'n tydperk gedurende die wintermaande uit die skool te hou.

BANKBESONDERHEDE

Rekeningnaam:	KwetterBekkies Dagsorg
Bank:	FNB Cape Gate
Takkode	250655
Tjek rekening	62869408536

BELANGRIK Gebruik asb. ALTYD u **KIND** se **NAAM** en **VAN** as verwysing wanneer enige betaling gemaak word.

KWARTAALBENODIGHEDE

Ons maatjies benodig die volgende items per kwartaal. Bring asseblief die benodighede in die **EERSTE** week van die skool in 'n gemerkte (met kind se naam op) plastieksak skool toe. Individuele items hoef nie gemerk te word nie.

Dit word van elke ouer verwag om asb. die benodighede kwartaalliks te stuur.

BABA'S en KLEIN PEUTERS (4 tot 24 maande)

KWARTAAL 1

- 4 pakke "wetwipes"
- 1 groot bottel Dettol (750ml)
- 2 dose sneesdoekies (tissues)
- 1 vloeibare handwasseep
- 1 bottel lugverfrisser (air freshener)
- 1 groot bottel handsanitizer
- 2 rolle handdoekpapier (paper towel)
- 2 pakke lekkerruik doekesakkies
- 1 A3 flipfile

ANDER GOEDJIES OM TE BRING

Voldagkinders: Kombersie en laken vir slaaptyd. Die laken is net nodig vir die babaklas. (Krimpvarkies). Die laken is 'n standaard "cot" grootte. Dit bly gedurende die week by die skool. 'n Dunner kombersie in die somermaande en 'n lekker warm kombersie vir die wintertyd. Beddegoed sal ELKE 2DE VRYDAG huis toe gestuur word om gewas te word en moet asb. MAANDAE teruggestuur word. (ALLES DUIDELIK GEMERK ASB.) Dis **nie** nodig vir 'n kussing **nie.**

KWARTAAL 2,3 en 4

Ons sal laat weet watter benodighede benodig word vir Kwartaal 2,3 en 4. Ouers sal 'n lysie aan die einde van die vorige kwartaal ontvang. Dit sal nie weer al die benodighede wees nie, net wat nodig is by die skool. Dis belangrik dat AL die ouers elke kwartaal die benodighede vir die kwartaal skool toe stuur asseblief. Dit moet asb. in die begin van die kwartaal gestuur word.

Benodighede geld vir halfdag EN voldag maatjies.

PEUTERS EN KLEUTERS (2 tot 5 jaar)

KWARTAAL 1

- 4 pakke "wetwipes"
- 4 rolletjies toiletpapier
- 1 groot bottel Dettol (750ml)
- 2 dose sneesdoekies (tissues)
- 1 pakkie pleisters sonder prentjies
- 1 vloeibare handwasseep
- 1 bottel lugverfrisser (air freshener)
- 1 groot bottel handsanitizer
- 2 rolle handdoekpapier (paper towel)
- 1 pak lekkerruik doekesakkies (maatjies wat nog op doeke is)
- 1 A3 flipfile

ANDER GOEDJIES OM TE BRING

Voldagkinders: Kombersie vir slaaptyd. Dit bly gedurende die week by die skool. 'n Dunner kombersie in die somermaande en 'n lekker warm kombersie vir die wintertyd. Kombersies sal ELKE 2DE VRYDAG huis toe gestuur word om gewas te word en moet asb. MAANDAE teruggestuur word. (ALLES DUIDELIK GEMERK ASB.) Dis **nie** nodig vir 'n kussing **nie**.

KWARTAAL 2,3 en 4

Ons sal laat weet watter benodighede benodig word vir Kwartaal 2.3 en 4. Ouers sal 'n lysie aan die einde van die vorige kwartaal ontvang. Dit sal nie weer al die benodighede wees nie, net wat nodig is by die skool. Dit moet asb. in die begin van die kwartaal gestuur word.

Benodighede geld vir halfdag EN voldag maatjies.

WAT BRING ONS BABA'S EN KLEIN PEUTERS ELKE DAG SKOOL TOE?

- Doekesak/babasak/rugsak, **duidelik gemerk** met kind se naam en van (dit moet in ons rakkies kan pas, asb. nie groter as 30x35 cm nie) met die volgende items daarin: Krimpie klas se doekesakke kan groter wees.
- 2 x Ekstra skoon stel klere (**ALLES** gemerk)

- Maatjies moet asb. NIE hulle beste klere skool toe aantrek nie, ons gaan lekker speel en mors. Daar moet nie jammer gevoel word vir die klere nie.
- Plastieksakkies vir vuil/nat klere. Ons was nie vuil of nat klere nie, dit sal in die sakkies gesit word in die tassie.
- EIE wegdoenbare doeke en boudjiesalf
- 'n Spoegdoek vir die melkbottel
- Melkbottels/teebottels (genoeg vir die dag) en poeier (reeds afgemerk)
- Borsmelk is toelaatbaar.
- 'n Pak doeke kan gestuur word, as die doeke op is, sal ons die leë sak in die rugsakkie sit, OF stuur asb. ELKE dag vyf (5) doeke saam wat ons in die doekebak kan sit.
- Ons sal laat weet as die kleintjies reg is vir 'n "snackie" en waterbottel.
- Sonhoed (vir die warm somersdae) Die hoedjies bly by die skool in die somermaande.
- **MERK ASSEBLIEF ALLES!**

WAT BRING ONS PEUTERS EN KLEUTERS ELKE DAG SKOOL TOE?

- Tassie/rugsak, duidelik gemerk met kind se naam en van (dit moet in ons rakkies kan pas, asb. nie groter as 30x35 cm nie) met die volgende items daarin:
- 'n Eksta skoon stel klere/onderklere (alles gemerk). Maak asb. seker dat daar **GENOEG** onderklere is vir glipsies, eerder te veel as te min.
- Maatjies moet asb. NIE hulle beste klere skool toe aantrek nie, ons speel en mors nog baie. Daar moet nie jammer gevoel word vir die klere nie.
- Kosblikkie met gesonde "snacks" en 'n bottel met water of koeldrank/sap (gemerk)

  1 (een) bottel is genoeg, as die bottel leeg is, sal ons lekker koue water ingooi, dit moedig ook sommer ons maatjies aan om water te drink. Probeer asb. by 1 (een) bottel hou, die kinders leer self om hulle bottel uit die "waterbak" te haal, as daar die heeltyd 'n ander bottel is, raak hulle deurmekaar.
- Sonhoed (vir die warm somersdae) Die hoedjies bly by die skool in die somermaande.

- Sonskerm (vir die ekstra warm somersdae) Smeer asb. (veral in die somer ons maats se gesiggies en oortjies **voor** hulle soggens afgelaai word). Ons sal weer die middag die gesiggies smeer.
- Plastieksakkies vir vuil/nat klere. Ons was nie vuil of nat klere nie, dit sal in die sakkies gesit word in die tassie.
- Skoene: (moet self sy/haar skoene kan aan- en uittrek, verkieslik nie veterskoene nie)
- Somer: kaalvoet of baie gemaklike skoene/sandale
- Winter: waterstewels vir buite en pantoffels vir binne (waterstewels kan by die dagsorg bly vir buite speel in die winter)
- Bottels: Ouers voorsien self die melk/tee vir bottels, dis vir die kleiner maatjies wat nog 'n bottel drink voor slaaptyd. Al die bottels en doppies moet **deeglik** gemerk wees.
- Kinders op doeke se ouers voorsien self die boudjiesalf en doeke. 'n Pak doeke kan gestuur word, as die doeke op is, sal ons die leë sak in die tassie sit, of stuur asb. ELKE dag vyf (5) doeke saam.

VERLORE ITEMS

Verlore krat: Al die items wat nie gemerk is nie, sal in die krat gesit word deur die loop van die kwartaal. Loer asb. daar as jy iets soek wat verlore is. Ons sal op sekere tye die krat by ontvangs sit. **MERK ASB. ALLE ITEMS DUIDELIK**! As alles duidelik gemerk is, verhoed dit dat verkeerde goed in tassies beland. As daar per ongeluk iets van 'n ander maatjie in jou kind se sak beland, stuur asb. net terug die volgende dag.

"POTTY-TRAINING"

As 'n kind gereed is, sal ons begin met "Potty-training". Ons sal eers met u as ouers gesels. Die kind moet al lekker verstaanbaar kan praat en self sy/haar broekie kan op- en aftrek.

Kinders is nie almal op dieselfde ouderdom gereed om van die doek af te gaan nie en ons gaan **GEEN** druk op die maatjie uitoefen nie.

Dit sal egter 'n spanpoging wees tussen die skool en huis. "Pull-up" doeke word dan vir die maatjie aangetrek en daar moet elke dag **genoeg** onderklere in die sakkie wees.

Ouers voorsien die "pull-ups". Onderklere en klere word nie by ons gewas nie en sal daagliks huis toe gestuur word as daar glipsies was.

ETES EN SLAAPTYD (BABA'S en KLEIN PEUTERS)

Voldagkinders/halfdagkinders:

Ontbyt (pap) sal voorsien word om 08:00 – 08:30. Die pap bestaan uit Cerelac, hawermoutpap of mieliepap wat afgewissel sal word, afhangend van die baba se ouderdom. Die ouderdom waarmee met pap begin sal word, sal eers met u as ouer bespreek word.

Middagete is tussen 11:15 en 12:00. Die kos sal gebalanseerd wees wat bestaan uit groente met "x-lean" maalvleis/hoederfillette of net groente. Dit sal afhang van die ouderdom van die baba. Baba's begin met fyn kossies en later word daar oorgeskakel na growwe kossies. Kos word daagliks vars gemaak. **GEEN** Purity nie.

Stel ons asb. in kennis as u kind **ENIGE kosallergieë** het. **BAIE BELANGRIK!**

ETES EN SLAAPTYD (PEUTERS EN KLEUTERS)

Voldagkinders:

Ontbyt (pap) sal voorsien word om 08:00 – 08:30. GEEN pap sal gegee word na 08:30 nie, aangesien ons moet reg maak vir ons aktiwiteite. U voorsien u kind van 'n gesonde kosblik vir 10h00 en 14h30, asook iets om te drink. 'n Voedsame en gebalanseerde middagete, uitgewerk volgens 'n spyskaart sal voorsien word. Die spyskaart sal aan die ouers deurgegee word. Daar is 'n spyskaart vir die somer en 'n spyskaart vir die winter. Die spyskaart word gereeld afgewissel. Pak asb. genoeg snackies in vir 10:00 en 14:30.

Stel ons asb. in kennis as u kind ENIGE kosallergieë het. **BAIE BELANGRIK!**

Halfdag-kinders:

U voorsien 'n gesonde kosblik vir 10h00, asook iets om te drink. Daar is ook 'n opsie vir die halfdag maatjies om by ons te eet teen 'n ekstra koste.

ONS HOU ALTYD DIE KOSBLIK SO

GESOND AS MOONTLIK!



- GEEN gaskoeldrank of energiedrankies asseblief!
- Kosblikkies en koeldrankbottels moet asseblief **DUIDELIK** gemerk wees. Al die los bakkies in die kosblik moet ook duidelik gemerk wees. Waterbottels moet asseblief nie doppies hê wat afgedraai hoef te word nie. (bv. die Valpre bottels nie)

- Lekkers en ander lekkernye kan slegs op 'n **VRYDAG** ingepak word. (Geen stokkielekkers of kougom)

Daar sal tussen 12:00 en 14:00 'n rusperiode ingeruim word vir die voldagmaatjies. U is welkom om u kind vroeër te kom haal. Ons moet net vroegtydig in kennis gestel word. Die deurklokkie word verkieslik **NIE** in daardie tyd gelui **NIE**. Stuur asb. 'n whatsapp vir die Hoof as jy in daardie tyd by die voordeur is.

VERJAARSDAE

'n Verjaarsdag is 'n groot geleentheid in elke kind se lewe. Daar word 'n groot ophef gemaak van die verjaarsdagmaatjie op sy/haar spesiale dag. Die personeel sal seker maak die maatjie voel spesiaal en geliefd. Ouers is welkom om 'n verjaarsdagkoek (met kersies), "cupcakes" of partytjiepakkies vir die maatjies skool toe te stuur. Ons wil egter vra dat dit nie **TE** veel soetgoed/lekkergoed is nie. 'n Geskikte datum moet net asb. **vooraf** met ons gereël word. Jy kan of vir die hele skool ietsie bring of net vir die verjaarsdagmaatjie se klassie.

U sal 'n lys aan die begin van die jaar ontvang met die verjaarsdae van al die maatjies. Ons sal ook van ons kant af probeer dat daar nie te veel vieringe op een dag gebeur nie.

SIEKTES

Kinders met aansteeklike siektes moet asseblief tuis gehou word tot hul toestand nie meer aansteeklik is nie. Koorsige en siek kinders kan ongelukkig

ook nie geakkommodeer word nie en moet liefs tuis versorg word. Maak asseblief seker jy lees weer ons mediese beleid.

Kinders op antibiotika moet vir die eerste **3 (DRIE)** dae tuis versorg word. Stel ons asb. in kennis as u kindjie siek is. Ouers sal gebel word as jy jou siek kind skool toe stuur. Ons moet dink aan al die ander maatjies en ook die personeel. Ons moet mekaar se hande hier vat.

GEEN medisyne sal by die skool gegee word nie, behalwe as 'n ouer nie dadelik 'n kind kan kom haal wat koors gedurende skooltyd ontwikkel het nie, Met toestemming van die ouer sal Panado (volgens ouderdom) gegee word. Die nodige toestemmingsvorm moet voltooi wees en by ons op lêer wees.

Stel ons ook asb. in kennis watter siekte u kind het/gehad het, sodat ons die ander kinders dop kan hou vir enige soortgelyke simptome.

Indien u kind enige van die volgende simptome gedurende die vorige 24 uur getoon het, moet hy/sy liefs tuis bly:

- vomering
- diarree
- ooginfeksie
- wurms
- kopluise
- hoë koors
- uitslag
- enige ander aansteeklike siekte of kindersiekte

Stel ons asb. so gou as moontlik in kennis indien jou kind 'n aansteeklike siekte of kopluise het, sodat ons die ander kinders se ouers kan inlig.

As die dokter sê dis veilig vir die kleinding om skool toe te kom, moet u asb 'n doktersertifikaat saam stuur skool toe. Dis baie belangrik!

PUBLIEKE VAKANSIEDAE / VAKANSIES

Aan die begin van die jaar sal elke ouer 'n datumlys ontvang waarop ons sal aandui wanneer KwetterBekkies Dagsorg gesluit sal wees o.a. publieke vakansiedae en skole vakansiedae.

Let asseblief daarop dat geen dagsorgfasiliteite gedurende daardie dae beskikbaar sal wees nie. Daar sal **VAKANSIESORG** aangebied word tydens die Maart, Junie en September vakansies. Geen ekstra kostes vir vakansiesorg nie. Daar sal egter **GEEN VAKANSIESORG** in Desember wees as die skool sluit nie.

'n Lys sal vooraf opgeplak word om te bepaal wie die vakansiesorg gaan bywoon. Die lys moet asb. volledig ingevul word en daar moet by die datums gehou word.

Respekteer asb. die datum waarop die lys voltooi moet wees. Ons beplanning vir die vakansie word daarvolgens gedoen.

In **JUNIE/JULIE** is die skool vir **1 (een)** week gesluit saam met die WKOD skole. Die datum sal in die begin van die jaar op die kalender aangedui word vir ouers se beplanning,

DESEMBER sluit KwetterBekkies saam met die WKOD skole en begin in Januarie saam met die WKOD skole. Desembermaand se fooie is **voluit betaalbaar**, aangesien ons fooie oor 12 (twaalf) maande uitgewerk is.

ADDISIONELE AKTIWITEITE (BABA'S en KLEIN PEUTERS)

Die volgende buitemuurse aktiwiteite word by KwetterBekkies aangebied:

*Kinderkinetika

ADDISIONELE AKTIWITEITE (PEUTERS en KLEUTERS)

Die volgende moontlike buitemuurse aktiwiteite word by KwetterBekkies aangebied:

- *Monkeynastix
- *Kinderkinetika
- *Dynamic Dance
- *Rugga Roots
- *Wicket cricket
- *Funky Klankie
- Music Minds
- *Clamber Club
- *Cool-2-feel
- *Curious Kriek
- Shift netbal

Bogenoemde aktiwiteite word een keer per week gedurende dagsorg ure aangebied. Dit geskied in die **oggend** sodat die halfdag maatjies ook kan deelneem. Die dae waarop dit sal plaasvind, sal in Januarie of vroeg Februarie aan die ouers deurgegee word.

Die fooie van bogenoemde aktiwiteite is **addisioneel** en is NIE by ons maandelikse tariewe ingesluit nie. Die fooie word direk aan die persone in beheer oorbetaal.

Al die nodige inligting sal deurgegee word i.v.m. die verskillende buitemuurse aktiwiteite tydens ons Inligtingsaand in die begin van die jaar. Tydens ons Inligtingsaand sal daar 'n uitstalling wees van die verskillende buitemuurse aktiwiteite.

Dit sal goed wees as elke maatjie aan ten minste 1 (een) buitemuurse aktiwiteit kan deelneem, maar dis nie verpligtend nie. Ons aktiwiteite word so bepaal

en gekies dat daar ietsie is vir almal om te doen en waar die meeste belangstelling is.

Ons doen 'n behoeftebepaling onder die ouers en kyk watter buitemuurse aktiwiteit die grootste behoefte of belangstelling toon. Daardie aktiwiteite sal dan by KwetterBekkies aangebied word.

TEMA'S / BEPLANNING

Ons werk volgens 'n tema. Temas verander twee-weekliks. Temas is gebasseer op die peuter/kleuter se ervaringsveld en hul belangstellings. U sal kwartaalliks 'n lys van die onderskeie temas ontvang. U kan gerus ook met u kind tuis of in die motor daaroor gesels.

Ons werk volgens 'n uitgewerkte program (ELDA program) vir elke ouderdomsgroep.

Ons uitgangspunt is dat die kinders **leer terwyl hulle speel.**

Al die "werkies" sal aan die einde van die kwartaal aan die ouers gestuur word in 'n lêer om te besigtig. Werkies word uit die lêer gehaal na elke kwartaal en kan by die huis bly. Daar sal ook 'n uitgewerkte program wees vir ons baba's.

VERSLAE (BABA'S en KLEIN PEUTERS)

Baba's sal ook 'n aanpassingsverslag in Kwartaal 1 en 'n vorderingsverslag in Kwartaal 2 en 4 ontvang.

VERSLAE (PEUTERS en KLEUTERS)

Aan die einde van die 1ste kwartaal sal 'n aanpassingsverslag aan die ouers gestuur word en in kwartaal 2 en 4 'n volledige vorderingsverslag. Geen verslae in kwartaal 3 nie.

Lees asseblief u kind se verslag soos van toepassing op sy/haar ouderdom. Ons vergelyk ook nie maats met mekaar nie, maatjies ontwikkel teen hulle eie pas.

Daar sal **geen** kodes gegee word op 'n verslag nie.

In Kwartaal 3 sal daar ouerafsprake wees vir die Graad RR ouers om Kwartaal 2 se rapport te bespreek.

SPEELGOED

GEEN speelgoed en ander persoonlike besittings word skool toe gebring nie. Dit raak weg, breek en veroorsaak groot hartseer onder die maats. Uitsonderings, met inagneming van die kindjie se emosionele behoeftes, kan gemaak word. Daar sal sekere dae wees waarop u kind hulle gunsteling speelding skool toe kan bring, dit sal vooraf aan u gekommunikeer word.

Dit gebeur soms dat kinders blokkies of ander artikels van die skool af huis toe neem in hulle tassies of broeksakke 😉. U hoef nie ontsteld te raak nie, vra net dat hy/sy dit terugbesorg die volgende dag.

AFVALMATERIAAL / HOUERS

Ons sal u vooraf laat weet watter materiaal ons benodig. U kan rekenaarpapier, toiletrolletjies, boksies, deksels, kurkproppe, verpakkingsmateriaal, knope, sponsrubber, materiaal, kunsleer, blikkies en x-straalplate vir ons bêre.

FANTASIEKLERE

As daar ou konsertklere is wat rondlê in u huise bv. ou hoede, klere, serpe, handsakke, fantasiekostuums, vlerkies, maskers ens. kan u dit gerus skool toe stuur. Ons kinders is mal oor "opdress".

Ek vra ook dat as ons iets aantrek vir bv. 'n tema of 'n spesifieke dag, dat ouers sal seker maak dat hulle kind iets sal aantrek daarvolgens. Dis nie lekker as hulle by die skool kom en almal is aangetrek en hulle nie. Daar moet asb. nie onnodige onkostes aangegaan word vir dit nie – krap in die kaste en dink kreatief.

U sal betyds in kennis gestel word van die datums.

FONDSINSAMELING

Daar sal kwartaalliks 'n fondsinsameling wees. Die fondse sal aangewend word om ons Dagsorg verder te verbeter en mooi te maak. Alles sal teruggeploeg word in die Dagsorg. U sal betyds vooraf daarvan in kennis gestel word. Ons sal u samewerking in die verband waardeer. Ons wissel die fondsinsamelings af sodat dit interessant bly vir almal. Dit is ook 'n baie lekker manier om nuwe mense te ontmoet en nuwe vriende te maak.

DISSIPLINE / GEDRAG

Indien u kind skuldig is aan afknouery (slaan, stamp, byt, skop ens.) of boeliegedrag wat op 'n gereelde basis voorkom, moet u asb. verlief neem dat ons u in kennis sal stel. Ons (ouers en Dagsorg) sal dan saam aan 'n strategie werk om die gedrag te hanteer en te stop. As ons dissipline probleme ervaar, sal ons ook die ouers in kennis stel, sodat ons as 'n span daaraan kan werk.

ANTI-BOELIE PROGRAM

KwetterBekkies sal 1(een) keer per jaar die Anti-boelie program aanbied. Tydens die program sal ons maatjies leer dat ons lief is vir mekaar en nie mekaar seermaak met woorde of fisies nie. Dit sal op 'n baie praktiese manier aan die maatjies verduidelik word.

KOMMUNIKASIE

Alle korrespondensie sal via e-pos of whatsapp geskied. Maak dus seker dat ons u regte e-posadres het. Dit is belangrik dat ouers moet aandag gee aan hierdie skrywes of whatsapp boodskappe, aangesien belangrike inligting deurgegee word.

Daar sal 'n whatsapp-groepie gestig word waar Admin inligting vinnig kan deurgee en ook foto's met ouers deel. Daar sal ook 'n "social" groepie wees wat **nie** verpligtend is **nie**. Op hierdie groepie kan die mamma's lekker idees en wenke uitruil en sommer net lekker gesels. Ons wil vra dat daar nie aparte klasgroepies deur ouers gemaak word nie.

KENNISGEWING

Ons moet asb. teen 08:00 in kennis gestel word indien u kind nie skool toe kom nie. Stel ons ook asb. in kennis van enige verandering van adres, telefoonnommer of geneesheer sodat ons ons inligting op die lêers op datum kan bring.

FACEBOOK FOTO'S / SOSIALE MEDIA

Voltooi asb. die nodige toestemmingsvorm om foto's op facebook te deel, indien dit u goedkeuring wegdra. Die vorm word saam met die inskrywingsvorm voltooi. Dis u as ouers se keuse of ons foto's op sosiale media mag deel of nie.

PROFESSIONELE FOTO'S

Daar sal 1 x 'n jaar professionele foto's geneem word by KwetterBekkies. Ouers sal vooraf in kennis gestel word van die datum. Die bestelling van foto's is vir u eie onkostes. Daar sal 'n lys wees waar u kan aandui of u foto's wil laat neem. Die foto's is nie verpligtend nie.

FOTO'S DEUR DIE LOOP VAN DIE DAG

Ons kan ongelukkig nie elke dag van **AL** die kinders foto's neem en aan ouers stuur nie. Dit is 'n onmoontlike taak. Ons sal so ver as wat dit moontlik is, foto's neem en stuur. Onthou ook asb. dat foto's dalk vroeg in die oggend geneem word waar die kinders nog hulle warm klere of skoene aan het. Die foto's word eers later gestuur of op sosiale media gedeel. Dit beteken nie jou kind was heeldag warm aangetrek nie, as dit bv. 'n warm dag was nie. Ons sal ons goeie oordeel gebruik dat kinders klere aan- en uittrek soos nodig. Al die kinders is ook nie altyd in die bui vir foto's nie. As hy//sy die dag nie lus voel vir foto's nie, sal ons nie 'n kind dwing nie.

FACEBOOK / WEB-TUISTE

Loer gerus op ons webtuiste en Facebook blad wat ons alles doen.

FB Uitzicht: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesUitzicht

FB Sonstraal: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesSonstraal

FB Brackenfell: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesBrackenfell

FB Kampus: https://www.facebook.com/KwetterBekkiesKampus

Webtuiste: https://kwetterbekkies.co.za

VEILIGHEID

- Indien iemand anders u kind by die dagsorg kom haal, moet die Hoof asb. telefonies of per whatsapp/briefie in kennis gestel word. Indien werknemers van ouers die kinders kom haal, moet ons ook asb. kennis dra daarvan. Stuur asb. 'n foto op whatsapp van die persoon wat u kind kom haal.
- Die nuwe Entry Guard in/uit skandeer APP word vroeg 2027 uitgerol by die ander skole. Dis reeds in werking by KwetterBekkies Brackenfell. Die fooi is reeds ingesluit in 2027 se skoolfooie.
- Maak asb. seker u teken soggens u kind **IN** en middae **UIT**.

- GEEN kind mag gevra word om die hek oop te maak nie. Dis baie belangrik!
- Maak asb. seker die hek is **TOE**, as u uitgaan.

KWETTERBEKKIES T-HEMPIES/SWEATERS

Ons het KwetterBekkies hempies/sweaters wat die maatjies kan dra. Die hempies/sweaters sal te koop wees. Ons KwetterBekkies dra hulle hempies/sweaters wanneer ons instappies het en op spesiale geleenthede, asook enige ander dag van die week. Bestelling van die hempies/sweaters sal in die begin van die jaar gedoen word en ook weer later in die jaar, as daar nuwe maatjies is. Dit is nie verpligtend nie.

ALGEMENE INLIGTING

Lig ons asb. in oor gebeure wat tuis plaasgevind het of in die familie wat moontlike vreemde/emosionele gedrag by u kleintjie kan veroorsaak. (soos bv. Pappa/mamma wat uitstedig is, iemand wat oorlede is, 'n troeteldier wat weg is…ens.) Dis BAIE BELANGRIK! So kan ons EKSTRA liefde, aandag en drukkies gee.

OPBOUENDE KRITIEK

Ek verwelkom dit dat u oor enige saak wat u pla dadelik met ons sal kom gesels sodat ek aandag daaraan kan gee. Sonder u insette kan ons nie aan 'n sterk en geloofwaardige Dagsorg bou nie.

Al wat u nou te doen staan, reël gerus met ons 'n afspraak om te kom inloer of voltooi die nodige inskrywingsvorm. Ons sien uit daarna om u en u kleinding te ontmoet. As daar enige vrae is, vra gerus.

Die dagsorg is aanvullend tot die ouerhuis en daar sal voortdurend gepoog word om 'n veilige en rustige atmosfeer te skep waar die kinders kan leer, lag en speel.



Ons vertrou dat u kind werklik gelukkig by KwetterBekkies Dagsorg sal wees.

Ek EN my personeel onderneem om na die beste van ons vermoëns en kennis na u kind om te sien.